Woensdag 9 Desember
Skrifgedeelte: Psalm 57:1-12 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 57:3, 7
God beskerm dié wat by Hom skuil

Saul was jaloers op Dawid, omdat die Here met Dawid was en hom suksesvol gemaak het in alles wat hy gedoen het. Die Here was aan die ander kant nie met Saul nie, want Saul se hart was nie by die Here nie. Dit het gemaak dat Saul vir Dawid wou doodmaak, maar elke keer wat Saul probeer het om vir Dawid dood te maak, het God ingegryp en Dawid gered. Dawid het die Here sy toevlug gemaak. In geloof het hy die Here vertrou om hom uit Saul en al sy ander vyande se hande te verlos.

Is dit vandag so met jou? Maak jy die Here jou toevlug, jou Rots van skuiling? Vertrou jy in Hom om jou te verlos uit jou vyande se hande? Watter vyande, sal jy sal dalk sê. Ek het nog nooit nodig gehad om vir my lewe te vlug soos Dawid nie. Die volk se vyande in die ou Testament is 'n skadubeeld van ons geestelike vyande: 1. Die duiwel 2. Die sondige wêreld 3. Jou sondige aard.

Hierdie vyande sal jou graag weg van God wil verlei om in rebellie teen Hom te leef. Hulle sal sekerlik daarin slaag as jy aan jouself oorgelaat word. Hulle is 'n oormag teen ons. Te sterk vir ons. MAAR hulle is niks teen ons Here Jesus Christus nie. Hy het alreeds ons vyande vir ons verslaan en wil vir ons daagliks die krag gee om in sy oorwinning te leef en ons moet dit van Hom vra. Vlug na Hom in vertroue en Hy sal jou deur sy getroue liefde beskerm en bewaar teen al jou vyande.

*Sing: Psalm 57-1:2*

*Ds. R (Reghard) Janse van Rensburg (Keetmanshoop/Mariental)*